



Verdien AgriBonuspunte op alle produkte  
deur Laeveld Agrochem aangekoop



Saam boer ons vooruit

## Fokus op Paul Henning

Oos Vrystaat - areas

**Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.**

**Vir 'n volledige ontleding en sakpas-aanbevelings oor hoe om die beste opbrengs uit u oes te haal, kontak gerus vir Paul Henning by Tel: 072 552 1793 E-pos: paulh@laeveld.co.za**

Paul het in Bethal, in die Hoëveld, groot geword. In 2009 matrikuleer hy aan die Hoërskool Hoogenhout, Bethal. Gedurende sy skoolvakansies, asook vir twee jaar in 2010 en 2011, het Paul op 'n familieplaas, tussen Standerton en Vrede, saam met sy familie met mielies en sojabone geboer.

In 2016 het Paul aan die Universiteit van Potchefstroom 'n BSc graad, met spesialisering in Geologie, Chemie en Grondkunde, verwerf. Paul het 'n passie vir Suid-Afrika se landbou en wil help om 'n verskil in die landboubedryf te maak. Hy beoog om deelyds sy nagraadse studies in Grondkunde te voltooi.

In middel 2017 sluit hy aan by Laeveld Agrochem as agent in die Bethlehem, Reitz, Harrismith, Clarens, Ficksburg en Fouriesburg areas. Volgens Paul was dit 'n maklike besluit om by Laeveld Agrochem aan te sluit: dit gaan oor goeie diens en om 'n positiewe impak op Suid-Afrika se landbou sektor te maak. Paul is 'n kenner op rygewasse en gaan landbouchemiesemiddels, plantvoedingsmiddels, presisie dienste en dieregesondheidsprodukte in dié areas lewer. Hy glo Laeveld Agrochem is die ideale platform vir iemand wat 'n groot verskil in die landboubedryf wil maak.

*"Greatness can not be achieved without obsession"*

Paul het tydens sy studies op Potchefstroom vir Sasha-Lee Lues ontmoet en daar lê hierdie jaar vir hulle groot planne voor. Paul se ander belangstellings is jag, vlieghengel en gholf. Hy het ook 'n groot passie vir sport en is betrokke by baie sosiale sportspanne.

*Paul is opgewonde om deel van die Laeveld Agrochem span te wees, hy sê die positiewe kultuur en goeie waardes van Laeveld Agrochem, maak die maatskappy besonder. Hy sien uit om kliënte te ondersteun met die beste kennis, advies en diens.*

